# Etiek en regsleer 710 (RLE 710)

| | |
|---|---|
| **Kwalifikasie** | Nagraads |
| **Fakulteit** | Fakulteit Gesondheidswetenskappe |
| **Modulekrediete** | 30.00 |
| **Voorvereistes** | Ten minste een jaar praktykervaring |
| **Kontaktyd** | bepaal deur Departementshoof |
| **Onderrigtaal** | Module word in Engels aangebied |
| **Departement** | Tandheelkundige Bestuurswetenskappe |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 1 |

**Module-inhoud**

Ten einde 'n goeie gesondheidspraktisyn te wees, word 'n lewenslange verbintenis tot gesonde professionele en etiese praktyke sowel as 'n oorkoepelende toewyding aan die belange van die medemens en gemeenskap vereis. Die term "professie" beteken 'n "toewyding, belofte of verbintenis wat in die openbaar gemaak word". Praktykvoering as 'n professionele gesondheidsorgwerker is gebaseer op wedersydse vertroue tussen pasiënte en gesondheidsorgpraktisyns. In die uitvoering van hul pligte word dit van gesondheidspraktisyns vereis om te voldoen aan sekere gedragsreëls. Die Raad vir Gesondheidsberoepe van Suid-Afrika (RGBSA) het 'n stel reëls geformuleer waarteen klagtes van professionele wangedrag geëvalueer sal word. Hierdie reëls word in die basiese vak, Etiek en regsleer aangebied.

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die Algemene Regulasies (G Regulasies) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertroud met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die Algemene Reëls sal wees. Onkunde betrefffende hierdie regulasies en reels sal nie as ‘n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.